



NWU®

NORTH-WEST UNIVERSITY
NOORDWES-UNIVERSITEIT
YUNIBESITI YA BOKONE-BOPHIRIMA

ROOKBELEID

Verwysingsnommer	1P_1.1.11
Verantwoordelike uitvoerende bestuurder	Uitvoerende Direkteur: Mense en Kultuur
Beleidsadministrateur	Direkteur: Werknemer verhoudinge
Verantwoordelike afdeling	Werknemer verhoudinge
Status	Goedgekeur
Goedgekeur deur	Raad
Datum van goedkeuring	23 September 2011
Datum van wysigings	20 Junie 2014 17 Junie 2021
Hersieningsdatum	Junie 2024

ROOKBELEID

Aanhef

Teen die agtergrond van die droom om 'n internasionaal erkende universiteit in Afrika te wees, wat bekend is vir sy wetenskapsbeoefening, maatskaplike responsiwiteit en 'n sorgsaamheidsetiek, het die Raad van die Noordwes-Universiteit (NWU) hierdie Beleid op 20 Junie 2014 aanvaar.

1 Vertolking en toepassing

Hierdie Beleid moet vertolk en toegepas word op 'n wyse wat strook met die –

- 1.1 Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996;
- 1.2 Wet op Hoër Onderwys, 101 van 1997;
- 1.3 Wet op die Beheer van Tabakprodukte, 83 van 1993, soos gewysig, en
- 1.4 Statuut van die Noordwes-Universiteit.

2 Begripsomskrywings

In hierdie beleid, tensy dit uit die samehang anders blyk –

beteken '**Kampusbeskermingsdienstevertwoordiger**' 'n werknemer wat werk vir die Departement Kampusbeskermingsdienste op enige van die kampusse;

beteken '**Kampusse**' die Potchefstroom-, Vaaldriehoek- of Mafikengkampus van die Noordwes-Universiteit gesamentlik of afsonderlik;

verwys '**Gesondheids- en Veiligheidskomitee**' na 'n kampus se Beroepsgesondheids- en Veiligheidskomitee;

beteken '**Lynbestuur**' 'n spesifieke kampus, fakulteit of administratiewe departement of 'n skoollynbestuurder;

beteken '**NWU**' die Noordwes-Universiteit;

beteken '**BGV-koördineerder**' elk van die aangewese Gesondheids- en Veiligheidskoördineerders wat werksaam is binne die NWU se Departement Beroepsgesondheid en Veiligheid, en wat onderskeidelik verantwoordelik is vir die verskillende fakulteite, ondersteuningsdiensdepartemente en sakeondernemingsdepartemente;

beteken '**BGV-verteenwoordiger**' elk van die aangewese Beroepsgesondheid en Veiligheids-verteenwoordigers wat werksaam is binne die verskillende fakulteite, ondersteuningsdiensdepartemente en sakeondernemingsdepartemente;

beteken '**openbare plek**' enige binnenshuise, ingeslote/ommuurde of gedeeltelik ingeslote/ommuurde area wat oop is vir die publiek, met inbegrip van 'n werkplek en 'n openbare vervoermiddel;

beteken '**diensarea**' enige area wat ontwerp is om gereeld deur een of meer persone te gebruik of te word om 'n diens te ontvang of te wag om 'n diens te ontvang, om 'n openbare plek te betree, of om 'n transaksie te doen, ongeag of daar vir die diens betaal word, met inbegrip van 'n OTM en 'n telefoonkiosk of telefoonhokkie;

beteken '**diensry**' 'n ry in die buitelug waar een of meer persone 'n diens ontvang of wag om 'n diens van enige aard te ontvang;

beteken '**rook**' die rook, inaseming, uitaseming, vashou of ander beheeruitoefening oor 'n brandende tabakprodukt (of enige ander toestel wat 'n brandende tabakprodukt bevat), cannabis of enige ander plantgebaseerde materiaal, en het 'gerook' ooreenstemmende betekenis; en

beteken **'tabakprodukt of -produkte'** enige produk wat kommersieel of andersins uit tabak of enige ander plantgebaseerde materiaal vervaardig word, 'n hookah, tabakpyp, hubbly-pyp of cannabispyp, pruimtabak, of snuif, wat bedoel is vir rook, inaseming, kou, snuif of suig.

3 Beleidsverklaring

Dit is die beleid van die NWU dat die reg om in 'n rookvrye omgewing te werk en te studeer, gewaarborg moet word, dat die behoefte om rookvrye lug in te asem voorkeur geniet bo die begeerte om te rook, en dat 'n gesonder, meer produktiewe werks- en leeromgewing vir alle lede van die universiteitsgemeenskap aangemoedig moet word.

4 Omvang van toepassing

Hierdie beleid is van toepassing op alle permanente, vastetermyn-, geleentheids- en tydelike werknemers van die NWU, alle studente en besoekers aan die NWU, insluitende tydelike personeel van agentskappe, personeel wat deur arbeidsmakelaars voorsien word, huurders van persele, kontrakteurs, en subkontrakteurs, en enige ander persoon wat help met die uitvoering van enige aspek van die dag-tot-dag-funksionering van die NWU.

5 Rookbeperkings

- 5.1 Die bepalings van alle wetgewing met betrekking tot rook moet volledig nagekom word deur enigiemand wat op die perseel van die Universiteit teenwoordig is.
- 5.2 Geen persoon mag enige tabakprodukt rook in 'n openbare plek op enige van die persele van die NWU nie.
- 5.3 Rook is verbode –
 - 5.3.1 binne 'n radius van minstens 10 meter vanaf enige gebou of direk langs 'n oop venster indien die oop venster nie in 'n aangewese rookarea is nie;
 - 5.3.2 in enige voertuig wat deur die Universiteit besit of gehuur word, ongeag die lokaliteit van die voertuig;
 - 5.3.3 binne of binne vyf meter vanaf enige ingeslote of nie-ingeslote area waar voedsel en drank voorberei, gekoop of verbruik word;
 - 5.3.4 in alle diensareas en diensrye;
 - 5.3.5 by enige buitelug-geleentheid tydens 'n georganiseerde byeenkoms wat deur die NWU goedgekeur word vir doeleindes van sport, onderwys, musiek, dans, teater, drama, vermaak, opvoering of kermis, parade, mark of gebeurtenis; en
 - 5.3.6 in alle kantore en werkareas, ongeag of dit 'n eenpersoonskantoor is en of die kantoor/werksarea deur twee of meer mense gedeel word.

6 Aangewese rookareas

- 6.1 Aangewese rookareas moet deur die bestuur geïdentifiseer en bepaal word, in oorleg met die Gesondheids- en Veiligheidskomitee.
- 6.2 Alle aangewese rookareas moet aangedui word deur toepaslike naamborde wat aan die NWU se korporatiewe-identiteit-spesifikasies voldoen.
- 6.3 Rook word slegs in aangewese rookareas toegelaat en word deur "Rookarea"-tekens geïdentifiseer.
- 6.4 Geen asbakke mag in enige ander area as in 'n aangewese rookarea geplaas word nie.
- 6.5 Areas wat algemeen en dikwels deur werknemers en studente gebruik word, met inbegrip van gange, ingange of voorportale, trappe, trapskagte, toilette, kleedkamers, teekamers, kombuise, balkonne, vergaderlokale, of ander gemeenskaplike areas, mag nie as rookareas aangewys word nie.
- 6.6 Areas waar gerook word, wat die beeld van die NWU vanuit 'n openbare-betrekkinge-gesigspunt kan skaad, mag nie as rookareas aangewys word nie.
- 6.7 Aangewese rookareas mag nie inbreuk maak op enige areas wat deur nie-rokers gebruik word nie.
- 6.8 Aangewese rookareas moet minstens 10 meter van enige openbare gebou af wees, of binne 10 meter vanaf 'n venster of ventilasie-inlaat of deur na of toegang tot 'n openbare plek.

- 6.9 Die lynbestuur kan in samewerking met die betrokke Beroepsgesondheid en Veiligheid-verteenwoordigers van elke kampus reëls bepaal vir die aanwys van rookareas, sowel as alle ander aangeleenthede rakende rook ten einde aan wetlike vereistes te voldoen.
- 6.10 Reëls met betrekking tot rook in aangewese rookareas moet beskikbaar gestel word en bekend gemaak word aan alle persone wat die geboue op die NWU-perseel betree.
- 6.11 Die reëls waarna verwys word in paragraaf 6.9 en 6.10 moet voor die Werkplekforum van die spesifieke werkplek dien om te verseker dat alle reëls belyd en billik is en nie inbreuk maak op die regte van enige werknemer nie.
- 6.12 Dit is belangrik om daarop te let dat die Universiteit nie deur wetgewing verplig word om aangewese rookareas daar te stel nie.

7 Rookpouses

- 7.1 Geen spesifieke tydperke mag as rookpouses geïdentifiseer word nie, en werknemers en studente wat wil rook, word aangemoedig om hul rook te beperk tot goedgekeurde pouses soos klaspouses, teepouses of middagete, en om die regte van ander werknemers en studente in ag te neem wat dalk wil aanhou werk, studeer of ontspan terwyl rokers 'n blaaskans neem.
- 7.2 Werknemers word nie verbied om te rook tydens kantoorure nie; 'n bestuurder of toesighouer mag egter vir bedryfsdoeltreffendheid, produktiwiteit van werknemers en verwagte werkverrigting van die spesifieke individu riglyne bepaal waarvolgens werknemers in die kantoor toegelaat word om die kantoor of werkstasies te verlaat om gedurende kantoorure te rook.

8 Aanspreeklikheid

- 8.1 Skending of nie-nakoming van die vereistes van hierdie beleid kom neer op wangedrag wat hanteer moet word in ooreenstemming met die Werknemers se Gedragshandleiding en Studentetugreëls van die NWU.
- 8.2 Daar word van alle werknemers en studente verwag om onmiddellik enige beweerde skending of nie-nakoming van hierdie beleid aan 'n Kampusbeskermingsdiensverteenwoordiger of 'n BGV-verteenwoordiger te rapporteer, wat weer die beweerde skending aan die betrokke BGV-koördineerder moet rapporteer sodat dit verder ondersoek kan word.

9 Administrasie

- 9.1 Mense en Kultuur sal verantwoordelik wees vir die fasilitering van die implementering van hierdie beleid en vir die monitering van nakoming.
- 9.2 Beroepsgesondheid en Veiligheid-verteenwoordigers sal daarvoor verantwoordelik wees om aandag te gee aan klagtes of vrae oor die toepassing van hierdie beleid soos wat na hulle verwys word deur Mense en Kultuur, personeel, of studente.